



5 September 2002

Posbus 1615
Bethlehem, 9700
Tel/Faks: (058) 303 9640

BESTUURSINLIGTING

VOORUITSIGTE VIR GRAANGEWASSE LYK GOED

*Die wisselkoers is nie die enigste rede vir die volgehoue styging in graanpryse nie.
Die ander rede vir die hoë graanpryse is die daling in die wêreld se graanvoorrade.*

NUUSBERIG

Die afgelope twaalf maande het die pryse van die meeste graanprodukte aansienlike stygings getoon. Aanvanklik het die wisselkoers baie daarmee te doen gehad toe die Rand aan die einde van verlede jaar bykans 30% van sy waarde teenoor die vernaamste ander geldeenhede verloor het. Die Rand het intussen herstel en handhaaf geruime tyd reeds redelik stabiele vlakke tussen R10.00 en R11.00 teenoor die VSA se dollar. Die wisselkoers is dus nie die enigste rede vir die volgehoue styging in graanpryse nie.

Die ander rede vir die hoë graanpryse is die daling in die wêreld se graanvoorrade. Anders as drie jaar gelede, toe daar groot oorskotte van graan beskikbaar was en toe geld volop was, is daar nou tekorte in sekere graanprodukte en herstel die Oosterse lande se ekonomieë nog na die terugslae van die vorige dekade. In Afrika, selfs net oorkant die grens in Zimbabwe, heers daar droogtes of politieke onsekerheid wat landbouproduksie ernstig gekortwiek het en daartoe gelei het dat voorrade afgeneem het. Ten spyte hiervan, kon Suid-Afrika die afgelope twee jaar bo-normale oeste realiseer en kon boere munt slaan uit die hoë pryse.

Vertakkingsbegrotings

Die opgesomde begrotings vir 'n aantal graangewasse verskyn in Tabel 1. Elkeen van die vertakkings behoort 'n wins te realiseer indien 'n normale opbrengs behaal kan word. Grondbone se wins is die kleinste, naamlik R378.00 per hektaar terwyl mielies se R3168.00 teen 'n opbrengs van 3.5 ton die grootste wins per hektaar vir die komende somerseisoen sal oplewer. Die hoë pryse het tot gevolg dat die meeste gewasse teen 'n baie lae opbrengs steeds gelyk sal breek. Dit beteken dat 'n boer teen die heersende mielieprys van R1700.00 per ton slegs 1.6 ton per hektaar moet stroop om sy uitgawes te dek terwyl 'n opbrengs van 3.5 ton behaal behoort te word. Grondbone se gelykbreekopbrengs van 1.1 ton per hektaar is baie na aan die normale opbrengs van 1.2 ton.

In vergelyking met die vorige jaar, is die vooruitsig daar dat graanboere vanjaar gemiddeld 5% meer wins sal maak as in die voorafgaande jaar. Die inkomste uit graan sal volgens Tabel 2 onder normale

omstandighede met 15% toeneem maar die verontrustende feit is dat totale uitgawes met 21% gaan styg. Die gelykbreekprys is gevolglik 19% hoër as die vorige jaar.

Indien die vernaamste somer- en wintergewas (mielies en koring) verder in Tabel 3 ontleed word, is dit duidelik dat die winsvooruitsigte goed lyk, ten spyte van die skerp styging in uitgawes. Koring se inkomste sal na verwagting met 19% styg terwyl die wins met 30% sal styg. In die geval van mielies sal die inkomste met 31% styg wat daartoe sal lei dat die wins met 33% gaan styg. Die koste van saad, kunsmis en chemikalieë gaan in die geval van mielies met 24% styg terwyl die styging slegs 5% vir koring gaan beloop. Meganisasiekoste, soos in die toegedeelde uitgawes weerspieel, gaan na verwagting met 26% vir koring en 24% vir mielies styg. Die gelykbreekpryse beloop onderskeidelik R1242 per ton vir koring en R618 per ton vir mielies teen die verwagte opbrengsmikpunte van 2 ton en 3.5 ton per hektaar.

Gaan dit aanhou?

Wins word bepaal deur inkomste (prys x hoeveelheid) minus uitgawes. Soos reeds uitgewys, het uitgawes sedert verlede jaar skerp gestyg en is die huidige prysvlakke daarvan 'n gegewe faktor. Die syfers wat in die vertakkingsbegrotings gebruik is, is bereken teen pryse wat vir die komende seisoen gaan geld. Die enigste manier om dit te verlaag is om minder van sekere items soos saad of kunsmis te gebruik, met die risiko dat dit 'n verlaging in opbrengs kan veroorsaak. Totale uitgawes sal dus nie verminder nie maar dit behoort by planttyd ook nie hoër te wees as wat dit in die tabelle aangedui is nie.

Dit is wel so dat graanpryse die afgelope jaar buitengewone skerp stygings getoon het en daar is 'n moontlikheid dat dit in die nabye toekoms weer kan daal. Soos reeds aangedui, is die huidige hoë vlakke die gevolg van tekorte in wêreldvoorrade maar daar was ook 'n regstelling gewees soos wat met behulp van Figuur 1 verduidelik kan word.

In die figuur word die Verbruikersprysindeks (VPI) teenoor die Produsenteprysindeks vir graangewasse (PPI) sedert 1990 aangetoon. Tot en met 1996 het die twee indekse die pad redelik saamgeloop maar daarna het die PPI stadiger as die VPI gestyg. Dit beteken dat produsente vir 'n tydperk van vyf jaar lank bykans dieselfde pryse vir hulle graanprodukte gekry het totdat die pryse die afgelope twee jaar skerp begin styg het. Volgens die grafiek was hierdie styging dus nodig en dit is onwaarskynlik, maar nie onmoontlik nie, dat graanpryse skielik weer na die vlakke van 2000 sal terugsak. Dit kan eerder gebeur dat graanpryse vir die volgende vyf jaar op die huidige vlakke kan vassteek terwyl die pryse van uitgawe-items, soos gemeet aan die VPI, aanhou sal styg.

Ten spyte van die feit dat graanpryse nie sommer sal daal nie, het die boer verskeie instrumente (termynmarkte, opsies, leweringskontrakte) waarmee hy kan seker maak dat hy ten minste 'n hoë vloerprys vir sy graan kan vasstel. Van die drie veranderlikes wat tot wins lei, naamlik prys, hoeveelheid en uitgawes, bly net hoeveelheid dus 'n werklike onseker faktor vir die komende seisoen. Met die moontlikheid van 'n El-Nino vir die komende somer, is dit dus die een aspek wat 'n dempende effek op die andersins positiewe vooruitsigte vir graanboere het.

In Figuur 2 word die verwagte wins per hektaar van die verskillende graangewasse onder normale omstandighede aangetoon terwyl 'n verlaagde wins daarnaas verskyn. Hierdie verlaagde wins is die gevolg van 'n 33% daling in opbrengs sodat daar slegs twee derdes van 'n normale opbrengs teen dieselfde pryse gerealiseer word. Volgens hierdie grafiek sal Sonneblom, Sojabone en Grondbone nie die mas opkom as die opbrengs met 33% gaan daal nie terwyl koring gaan gelyk breek. Die ander gewasse sal steeds 'n wins toon en dit wil voorkom of mielies selfs onder sulke omstandighede 'n wenner sal wees.

Die veronderstelling in Figuur 2 is dat pryse op hulle huidige vlakke sal bly, ten spyte van die verlaging in opbrengs. Wanneer 'n algehele

opbrengsverlaging as gevolg van 'n verskynsel soos die El-Nino voorkom, styg pryse gewoonlik omdat die vraag dan die aanbod oorskry. In so 'n geval sal 'n prysstyging dus beteken dat van die vertakkings wat teen 'n verlaagde opbrengs 'n verlies toon teen 'n gepaardgaande hoër prys wel 'n wins kan toon. Die slotsom is dus dat

die vooruitsigte vir graangewasse ten spyte van 'n opbrengsrisiko steeds positief vir die komende seisoen lyk, tensy 'n natuurramp tot 'n algehele misoes lei en daar geen opbrengs is nie. Die feit bly staan dat wins gelyk is aan inkomste (prys x hoeveelheid) minus uitgawes en daar moet eers 'n opbrengs wees voordat 'n prys kan realiseer.

Bethlehem
September 2002

TABEL 1: VERTAKKINGSBEGROTINGS VIR 2003

	Koring	Mielies	Sonne- blom	Soja Bone	Sorghum	Grond- bone	Droë Bone
	Per/ha	Per/ha	Per/ha	Per/ha	Per/ha	Per/ha	Per/ha
Opbrengs : (Ton/ha)	2.0	3.5	1.2	1.5	3.5	1.2	1.5
Prys/ton	R 1,900	R 1,700	R 2,700	R 2,250	R 1,600	R 2,973	R 5,000
TOTALE INKOMSTE	R 3,800	R 5,950	R 3,240	R 3,375	R 5,600	R 3,568	R 7,500
Direkte uitgawes	R 982	R 1,432	R 834	R 1,369	R 1,447	R 1,797	R 2,679
Veranderlike uitgawes	R 604	R 287	R 504	R 533	R 525	R 144	R 917
Toegedeelde uitgawes	R 898	R 1,063	R 1,036	R 921	R 934	R 1,249	R 945
TOTALE UITGAWES	R 2,484	R 2,782	R 2,374	R 2,823	R 2,906	R 3,190	R 4,541
VERTAKKINGSMARGE	R 1,316	R 3,168	R 866	R 552	R 2,694	R 378	R 2,959
GELYKBREEKPRYS	R 1,242	R 795	R 1,978	R 1,882	R 830	R 2,658	R 3,027
GELYKBREEKOPBRENGS (TON)	1.3	1.6	0.9	1.3	1.8	1.1	0.9

TABEL 2: VERGELYKING MET VORIGE JAAR

	Gemiddel 2003	Gemiddeld 2002	Afwyking Rand	Afwyking %
	Per/ha	Per/ha	Per/ha	
TOTALE INKOMSTE	R 4,719	R 4,007	R 712	15%
Direkte uitgawes	R 1,506	1255.6	R 250	17%
Veranderlike uitgawes	R 502	333.4	R 169	34%
Toegedeelde uitgawes	R 1,007	798	R 209	21%
TOTALE UITGAWES	R 3,014	R 2,387	R 627	21%
VERTAKKINGSMARGE	R 1,705	R 1,620	R 85	5%
GELYKBREEKPRYS	R 1,773	R 1,432	R 341	19%

TABEL3: VOORUITSIGTE VIR DIE VERNAAMSTE GEWASSE

	Koring			Mielies		
	2003	2002	Afwyk	2003	2002	Afwyk
	Per/ha	Per/ha	%	Per/ha	Per/ha	%
Opbrengs : (Ton/ha)	2.0	2.0		3.5	3.5	
Prys/ton	R 1,900	R 1,600	19%	R 1,700	R 1,300	31%
TOTALE INKOMSTE	R 3,800	R 3,200	19%	R 5,950	R 4,550	31%
Direkte uitgawes	R 982	R 935	5%	R 1,432	R 1,151	24%
Veranderlike uitgawes	R 604	R 541	12%	R 287	R 154	86%
Toegedeelde uitgawes	R 898	R 713	26%	R 1,063	R 858	24%
TOTALE UITGAWES	R 2,484	R 2,189	13%	R 2,782	R 2,163	29%
VERTAKKINGSMARGE	R 1,316	R 1,011	30%	R 3,168	R 2,387	33%
GELYKBREEKPRYS	R 1,242	R 1,095	13%	R 795	R 618	29%
GELYKBREEKOPBRENGS (TON)	1.3	1.4	-4%	1.6	1.7	-2%



